Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 25 Februarie 2021

Gedagte van die week:
Om onreg te pleeg is veel erger as om onreg te ly. (Plato; 428-347vC)
Vertrekpunt:
Matteus 26:14-25
Meditasie uit die teks:
Verlede week het ons die mooiste lewensverhaal gelees van 'n vrou wat skaamteloos en verskoningloos haar duurste besitting uitmors op Jesus Christus. Sy laat Hom lekker ruik vir die pad na Golgota. Hierdie week lees ons die lelikste lewensverhaal van 'n man wat skelm en agteraf probeer wins maak uit sy Beste Vriend se ellende. In hierdie twee gedeeltes word ons gekonfronteer met die volle spektrum van lewensmoontlikhede waarop elkeen van ons 'n keuse het. Hierdie keuse is uiteindelik bepalend tot ons lewensgeluk en ons nalatenskap. Die vrou word oral en altyd onthou met deernis en bewondering. Die man word oral en altyd onthou met afsku en aversie. Judas was die dissipels se beursiedraer. Hy was goed met geld en lief vir geld. Dit was klaarblyklik ook hy wat die goeie vrou se kop wou was oor die vermorsing van die nardusolie. Uiteindelik word sy sterkpunt en passie die deur waarlangs die Satan in sy lewe invaar (Luk 22:3). Elke mens het só 'n "gaping" in die lewe waardeur die Satan kan invaar en alles vernietig. Richard Foster het jare gelede beweer die drie grootste gapings is "money, sex and power". Ek sou nogal graag op 'n bankie langs die see met Markus Jooste wou gesels oor Steinhoff. En met Jacob Zuma oor Nkandla. En met Carl Lentz van Hillsongfaam, wat iewers tussen preekstoel en bed verdwaal het. Nie om te veroordeel nie, maar om te leer. En ek praat met myself oor 'n paar dinge in my eie lewe. Ek praat veral met my self oor die gevaar van onversigtigheid met woorde. Ons taak is nie om oor Judas te oordeel nie, dit is God se werk. Ons uitdaging is om uit Judas se lewe te leer. En glo my, daar is baie te leer. En as ons oop is vir 'n les mag ons dalk wel eendag vir Judas dankie sê. Ten minste weet ek nou watter deur om toe te sluit!

Youtubeskakel:
Ons gaan vir eers nie reisgesprekke in ons kerkgebou hou nie en dit alleenlik via Youtube doen. Hier is jou skakel na Sondag, 28 Februarie 2021, se reisgesprek.
https://youtu.be/wjehKbH_GUQ

Meditasie uit die lewe:
Corneels Schabort is 'n senior lektor in chemie aan die Universiteit van Potchefstroom. In Januarie 2005 het ek na sy foto gekyk in die voorportaal van die Hoërskool Witteberg in Bethlehem. Ek het lank na sy foto gekyk, want dit het só duidelik uitgestaan, 'n mens sou as't ware kon sê "dit het met my gepraat". Die destydse skoolhoof, Okkie Botha, het by my aangesluit en ek onthou dat ek vir hom iets gesê het soos, "hierdie jongman is een van daardie Gods begaafde mense …" Hy het saamgestem en toe vertel dat Corneels deur 'n swaar tyd gaan aangesien sy ma in die verwoestende veldbrande van Oktober 2004 dood is. En so het die jare verloop en ek het so nou en dan in een van my seminare, "Voorportale en fotos", na die foto van Corneels Schabort verwys. Met die opening van die skole in 2021 het Corneels Schabort en vyf studente van Potchefstroom die Hoër Landbouskool Boland bedien vir vyf dae. Ek hoor mooi getuienisse van die impak wat hulle gemaak het. En ek wil hardop sê: "Ek het dit al in Januarie 2005 geweet!" Of eerder: "Dit is al in Januarie 2005 aan my geopenbaar!" In elke klein ervaring is daar 'n verskuilde Godsontmoeting. Baie keer besef 'n mens dit eers later, selfs 16 jaar later.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com